

Universiteit Stellenbosch, 2019/05/21

Openingsverklaring by die simposium oor “Die herstrukturering van wetenskap en navorsing aan die US”, wat deur drie Senaatslede in die US Raad, Usuf Chikte, Amanda Gouws en Aslam Fataar, met die steun van besorgde Senaatskollegas gereël is

Hierdie simposium volg na die artikel oor ras en kognisie getiteld “Age- and education-related effects on cognitive functioning in Colored South African women” wat deur vyf akademiëci verbonde aan die Universiteit Stellenbosch (US) gepubliseer is.

As Senaatslede in die US Raad en ’n groep bekommerde Senaatskollegas, het ons op 24 April ’n verklaring uitgereik waarin ons sterk beswaar maak teen die gebruik van stigmatiserende, rasgegronde kategorieë in wetenskap en navorsing soos dié in die betrokke artikel.

Ons het in die besonder ons afkeuring uitgespreek oor die voortsetting van koloniale en apartheidsdenke in navorsing, wat essensialistiese verbande lê tussen ras/etnisiteit en sekere kenmerke of eienskappe van groepe mense. Dít, glo ons, druis lynreg in teen die verklaarde institusionele kultuur, beleide en strategieë van die Universiteit Stellenbosch.

Ons het uitgewys dat die rasgegronde essensialisme wat die artikel verkondig, nie net die menswaardigheid van die navorsingssubjekte aantast nie, maar ook aanstootlik is vir swart mense, vir gemeenskappe wat oor die algemeen as bruin geklassifiseer word, en veral vir vroue. Daarbenewens is dit ’n terugslag vir die transformasieagenda van die US op ’n uiters onstuimige tyd in die geskiedenis van hoër onderwys in Suid-Afrika.

Ons erken dat die Universiteit die terugtrekking van die artikel deur die vaktyskrif sterk ondersteun het, en ook ’n omvattende ondersoek na alle fasette van die studie van stapel gestuur het.

As ’n groep bekommerde akademiëci, sou ons graag op lang termyn ’n toegespitste en doelgerigte institusionele reaksie wou sien. Ons erken in hierdie opsig die responsiewe manier waarop die senior bestuur van die Universiteit die afgelope paar weke met ons in gesprek getree het, en hulle bystand om hierdie simposium te reël.

Dit is belangrik dat ons, as instelling, hierdie aangeleentheid op ’n ten volle inklusiewe, onderling raadplegende en intersubjektiewe manier benader.

Heelwat transformasiewerk is reeds in die verskillende prosesse en komitees van die Universiteit aan die gang. ’n Artikel soos dié het die potensiaal om die Universiteit se vordering tot dusver tot niet te maak. Daarom moet ons enige omstandighede verhoed wat ons verbind aan ’n verlede wat ons gedurende ons Eeufeesvieringe in 2018 uitdruklik verwerp het.

Die huidige debakel toon ook dat daar nog ’n lang pad voorlê om ons institusionele verlede op alle vlakke van die Universiteit te hanteer. Dit dien as ’n rigtingwyser om ons transformasiepogings te verdiep.

Ons bied hierdie simposium uit die oogpunt van betrokke US-akademiëci en lede van ons Senaat en Raad aan. Ons voorneme is om ’n ruimte te bied vir diepgaande en kritiese beraadslaging oor die kernaspekte wat die sogenaamde “ras-en-kognisie-artikel” ontlok het.

Ons hoop dat deelnemers met voorstelle (nie soseer resolusies nie) vorendag sal kom wat as rigsnoer sal kan dien vir die standpunte wat ons in antwoord op hierdie saak by die US wil

help ontwikkel. Ons worsteling met die titel vir ons simposium, “Die herstrukturering van wetenskap en navorsing aan die US” behoort as aanduiding te dien van die diepte en dringendheid waarmee ons ons werk moet benader.

Ons benadering tot hierdie kwessie berus op ’n ondersoek van die strukturende rol van die Verligting, kolonialisme en apartheid in die posisionering van wetenskap en navorsing in die akademie oor die algemeen, en veral hoe dit gedurende die geskiedenis, veral in die jare vóór en ván apartheid, by die Universiteit Stellenbosch tot uiting gekom het, en tot vandag toe ’n impak het.

Die konsep van ras en rassisme is natuurlik die hoofkwessie van die simposium. Ons stel daarin belang om alternatiewe benaderings te ontwikkel tot die gebruik en misbruik van ras in wetenskap en navorsing. Ons wil dit in die besonder graag aan die kaak stel as ’n instrument wat gebruik word om teen mense te diskrimineer en hulle menswaardigheid te ondermyn. Volgens ons is dít waarom die debat in die eerste sessie sal draai.

Die tweede sessie beoog om lig te werp op verskeie aspekte van navorsing, wetenskap en etiek by die US. Op grond daarvan kan ons dan ’n manier begin bedink om ons werk by die Universiteit te heroriënteer en te herstruktureer.

Party fakulteite, departemente en verskeie ander strukture van die Universiteit het reeds begin nadink oor hoe om hulle navorsingspraktyke aan te pas in die lig van die tipe uitdagings wat die artikel aan die lig gebring het. Dit word reeds in seminaar- en simposiumruimtes bespreek en verdere akademiese gesprekke word beplan.

As US-akademici, glo ons hierdie tipe aktiwiteite moet na die hele Universiteit uitgebrei word, met inbegrip van die navorsing-, onderrig-en-leer- en sosialeskakelingsektore van die instelling, sowel as die verskillende verbandhoudende steundiensafdelings.

Die instelling van ’n toegewyde kampuswye meganisme vir die transformasie van navorsing en wetenskap behoort oorweeg te word. So ’n meganisme sou die akademieskap en vakkundige infrastruktuur kon ontwikkel om prosesse vir ’n getransformeerde begrip van wetenskap en navorsing te bevorder, te koördineer en te verdiep.

Ons glo die Universiteit behoort ’n belangrike terrein te word om kritiek op ras in die wetenskap en navorsing te ontwikkel, en om verbandhoudende institusionele praktyke en prosesse te vestig.

Die debatvoering by die simposium sal daarop uit wees om voorwaardes te help bepaal vir die voortgesette ondersoek van ons huidige oriëntasies, platforms en praktyke in die wetenskap en navorsing.

’n Kernfokus van hierdie simposium is die praktiese sy van die herstrukturering van navorsing en wetenskap by die US. Ons sal besin oor hoe die Universiteit se beleide, regulasies en praktyke meer toereikend aangepas kan word in die strewende na geregtigheid, insluiting en etiese integriteit.

Ná die tweede sessie sal daar geleentheid wees vir bespreking sodat die gehoor idees kan opper en voorstelle kan doen wat ons as riglyne sal kan gebruik om hierdie saak op produktiewe wyse oor die hele Universiteit verder te voer.